**Wat is die strafproses en hoekom is dit belangrik?**

Strafprosesreg is 'n samestelling van reëls en prosedures wat die hele proses van misdaad vervolg en reguleer. Dit reël, onder andere, inhegtenisname, borg, die verhoor, vonnis en appel. Die grootste bron van Suid-Afrikaanse Strafprosesreg is die Strafproseswet ("SPW").

Die Grondwet vervat ook belangrike beginsels van die Strafproses, veral in die Handves van Menseregte. Die Handves van Menseregte verskans, byvoorbeeld elke beskuldigde persoon se reg tot 'n regverdige verhoor.

**Ek het 'n kriminele rekord. Kan my prokureur dit laat uitwis?**

Vanaf 6 Mei 2009 kan enige persoon die Direkteur-Generaal van Justisie en Konstitusionele Ontwikkeling skriftelik versoek om sekere inskrywings op sy kriminele rekord te verwyder. Die versoek kan eers gerig word indien 10 jaar verstryk het sedert die spesifieke skuldigbevinding, mits die persoon nie intussen gevonnis tot tronkstraf sonder die keuse van 'n boete is nie.

**Die volgende vonnisse kan uitgewis word:**

- 'n Uitgestelde vonnis;
- Waar die persoon gewaarsku en ontslaan is;
- 'n Vonnis van 'n boete van minder as R20 000;
- Lyfstraf;
- Tronkstraf met die keuse van 'n boete van minder as R20 000;
- Enige tronkstraf wat in die geheel opgeskort is; Korrektiewe toesig ingevolge Artikel 276 (1) (H) of (I); of
- Periodieke gevangenis ingevolge Artikel 276 (1) (C).
- Let wel dat persone wie se naam in die Nasionale Register van Seksuele Oortreders of die Nasionale Kinderbeskerming register aangeteken is, nie hulle name uit die genoemde registers kan laat verwyser nie.
- Alle misdade wat verband hou met Apartheidswetgewing wat spesifiek met rasse-aangeleenthede verband hou, word outomaties van 'n persoon se rekord uitgewis.

Nevetec is ‘n maatskapy wat spesialiseer in die uitwis van kriminele rekords en om klarings-sertifikate te bekom van die SAPD, en u kan meer lees oor hul dienste.